UMOYA ENERGY
Empowered by Nature

JULIE 2019
NUUSBRIEF

ONDERSTEUNING AAN **PLAASLIKE ENTREPRENEURS**

Umoya Energy het onlangs in samewerking met Trio Plus Development 'n ondernemingsontwikkelingsprogram vir klein, medium en mikro-ondernemings (KMMO's) in die Saldanhabaai-munisipaliteit van stapel gestuur. Die nuwe program stel plaaslike KMMO's aan die basiese beginsels van entrepreneurskap en bemarking bekend.

Daar neem tans 10 plaaslike ondernemings aan die program deel. Hierdie KMMO's sluit die volgende ondernemings in: Shalom Bakkery, Leej, T Maqolo Handelaars, Malihambe Projek Primêre Koöperasie Bpk., Mzamomhle Karwassery, Thembelakuye Handelaars (Edms.) Bpk., HOD Onderneming, Lukanyo Lwethu Tegnologieë (Edms.) Bpk., Qhzwekazi Ontwerpers en TA SK Installeerders.

Die Ondernemingsontwikkelingsprogram

NUWE SPEELGROEP **IN HOPEFIELD GESTIG**

Ons is opgewonde om aan te kondig dat 'n bykomende Speelgroepie in Hopefield op die been gebring is. Daar is nou altesaam nege Speelgroepe in Hopefield en Koperfontein wat Vroeëkinderontwikkelingsdienste aan 75 kinders bied.

Elkeen van die Speelgroepies is met speelgoed en boeke toegerus. Speelgroepleiers het boonop verdere opleiding ondergaan om hul te rat met vaardighede wat met baba- en kleutersorg verband hou. Die mentors en afrigters wat aangestel is, het ook verdere opleiding ondergaan om speelgroepleiers te help om hul vaardighede en insigte te verbeter, sodat hulle gehalte leerprogramme aan die kinders in hul sorg kan bied.

STUDENTE TOEGERUS **VIR DIE WERKPLEK**

Ontvangers van studiebeurse het onlangs 'n werkswinkel in Johannesburg bygewoon om hulle te help met die oorgang van skool tot die voltooiing van hul kwalifikasies en hul intrede tot die werkplek. Die werkswinkel is deur die Studietrust aangebied.

Altesaam ses leerlinge van die Umoya Energy-windkragaanleg se studiebeursprogram het die werkswinkel bygewoon. Die studente sê hulle is opgewonde oor die belangrike lesse wat hulle geleer het.

Danielle Josephs van Langebaan, wat 'n studiebeurs ontvang het om haar droom om eendag 'n onderwyser te word te verwesenlik, sê die werkswinkel was vir haar waardevol. ***"Die vaardighede wat ek aangeleer het stel my in staat om met mense van verskillende agtergronde en persoonlikhede te kommunikeer en is vir my waardevol. Dit laat my bemagtig voel en help my om myself met selfvertroue te in openbare ruimtes uit te druk."***

Studente wat studiebeurse ontvang het, was onlangs by 'n werkswinkel om hulle vir die werkplek voor te berei.

NAVORSING GEDOEN OOR MEES GESKIKTE **ONDERSEUNINGSPROGRAMME**

Knowledge Pele het pas navorsing voltooi om te bepaal watter projekte en programme die beste geskik is om langtermyn ontwikkeling in die gemeenskappe van Hopefield, Middelpos, Ongegund, Witteklip, Laingville en Piketberg te weeg te bring.

Altesaam 644 individue, 293 fokusgroepe en 34 belanghebbende partye het aan die navorsing deelgeneem. Die bevindinge sal mettertyd aan die gemeenskappe gekommunikeer word.

"Ons sien uit daarna om die bevindings van die studie bekend te maak. Dit sal ons in staat stel om ingeligte besluite te maak oor watter programme die grootste verskille en volhoubare verandering in gemeenskappe te weeg sal bring."

2019
GEMEENSKAPSVERGADERINGS

Hou kennisgewingborde dop vir besonderhede oor die volgende gemeenskapsvergaderings.

KWARTAALLIKSE **ONTLEDING**

KWARTAAL 2/2019
Besteding op projekte

- Maatskaplike Welsyn
- Ondernemingsontwikkeling
- Onderwys



Umoya Energy Plaaslike Kantoor
26 Voortrekkerstraat, Hopefield

Kantoorure:
Maandag – Donderdag: 08:00 – 17:00
Vrydag: 08:00 – 14:00

Tel: +27 22 723 0022

Skakelbeampte
Amber Zeeman
amber.zeeman@umoyaenergy.co.za